*Journal of Industrial Psychology, 1990, 16(2), 23-26*
*Tydskrif vir Bedryfsielkunde, 1990, 16(2), 23-26*

# DIE BLANKE WERKSKUWE IN SUID-AFRIKA: ENKELE BIOGRAFIESE KENMERKE

**G. VAN DER M. SIEBERHAGEN**

*Departement Bedryf- en Personeelsielkunde*
*Potchefstroomse Universiteit vir CHO*

**I. VAN W. RAUBENHEIMER**

*Departement Bedryfsielkunde*
*Randse Afrikaanse Universiteit*

## ABSTRACT

**The white workshy person in South Africa: Biographical features.** From a literature survey a profile of the white male work-shy person is developed. Hypotheses as to how the work-shy differs from the working person are then formulated and tested empirically. Results indicate that the work-shy differs significantly from the working individual in terms of characteristics relating to affective (emotional), conative (motivational), social, intellectual, and physical functioning.

## OPSOMMING

Aan die hand van 'n literatuurstudie word 'n beeld opgebou van, en hipoteses ontwikkel oor die biografiese kenmerke van die werkskuwe. Hierdie kenmerke word dan empiries vergelyk met dié van die normaalwerkende persoon. Die resultate toon aan dat Suid-Afrikaanse werkskuwes beduidend van normaal-werkende persone verskil wat betref affektiewe (emosionele), konatiewe (wils), sosiale, intellektuele en fisiese funksionering.

In die Suid-Afrikaanse samelewing word dit vry algemeen aanvaar dat mense sal werk in die mate waarin hulle daartoe in staat is. Tog is daar sommiges wat, alhoewel hulle daartoe in staat is en behoort te werk ten einde 'n bestaan te kan maak, nie werk nie, of baie ongereeld werk. In die spreektaal word daar na diesulkes as "werkskuwes" verwys.

Bresler (1976) bied die volgende operasionele omskrywing van die werkskuwe: So 'n persoon werk byvoorbeeld vir drie maande by 'n bepaalde werkgewer, dros dan, werk vir 'n paar weke glad nie, doen aansoek vir werk by 'n volgende werkgewer, werk 'n ruk daar, bedank vrywillig, werk vir 'n paar weke glad nie of doen los werkies tuis of vir iemand anders, en kom doen (dalk) weer aansoek vir werk by die oorspronklike werkgewer; dikwels met 'n houding van: "Julle moet weer vir my werk gee!"

Uit die voorafgaande beskrywing wil dit voorkom asof die werkskuwe nie noodwendig glad nie werk nie, maar dat hy wel baie ongereeld werk. Dit is juis hierdie aspek van werkskuheid wat ontwrigtend op die bedryfswêreld kan inwerk. Indien 'n profiel van die eienskappe van die werkskuwe saamgestel kan word behoort dit van groot nut te wees om die werkskuwe reeds op 'n vroeë stadium (byvoorbeeld by indiensneming) te kan identifiseer, voordat onnodige uitgawes aangegaan word.

In die literatuur word redelik uiteenlopende definisies van die begrip "werkskuwe" aangebied.* Trouens, die begrip dra 'n veelheid van "skuilname". Hierdie uiteenlopendheid kan moontlik toegeskryf word aan die gebruik deur verskeie navorsers om nie werkskuheid by die naam te noem nie, maar wel gedragsvorme te beskryf wat sinoniem met of baie naby aan werkskuheid is. Dog in al hierdie definisies is daar nagenoeg 'n sentrale tema wat dit moontlik maak om die werkskuwe te omskryf as 'n persoon wat in staat is om te werk, wat behoort te werk ten einde 'n bestaan te kan maak en vir wie daar geskikte werk beskikbaar is, maar wat nie werk nie, of wat baie ongereeld werk.

Uit die literatuur wil dit voorkom dat wat *eienskappe van affektiewe (emosionele) funksionering* betref, die werkskuwe homself as 'n angstige, rustelose, impulsiewe en teruggetrokke persoon presenteer (Brentlinger, 1936; Bresler, 1976; Cherry, 1976, p.219; Lawlis, 1971, pp.218-219; Monro, 1963, p.780; Neff, 1968, p.215; Sinha, 1963, p.258; Zaleznik, Ondrack & Silver, 1970, p.119).

Sover dit kenmerke van *konatiewe (wils) funksionering* aangaan, wil dit voorkom asof die werkskuwe glo dat geluk ("luck") 'n groot rol in sy lewe speel (Rotter, 1966, p.3). Hy sal waarskynlik ander persone vir sy eie mislukkings blameer. Moontlik beskou hy sekere soorte werk as benede sy waardigheid (Young people without jobs – how real a problem, 1977). Hy openbaar 'n gebrek aan selfvertroue, beskik oor weinig selfgelding en onttrek hom aan moeilike situasies (Laufer, 1981, p.198; Lawlis, 1971, pp.217-219). Hy is 'n persoon wat oor weinig ego-kontrole beskik (Taylor, 1968, p.103), soos gekenmerk deur 'n gebrek aan doelwitstelling. Hy openbaar 'n gebrek aan beplanning (Levinson, 1963, p.596; Shore, 1975, p.14). Hy stel vir homself geen definitiewe, of baie vae beroepsdoelwitte (Simmons & Hughes, 1965, p.11). Hy steur homself weinig aan kritiek (Levinson, 1963, p.596).

Wat *sosiale funksionering* betref, wil dit voorkom asof die werkskuwe nie maklik vriende maak nie (Levinson, 1963, p.596). Hy sluit hom nie maklik by sosiale (vrywilliger) organisasies aan nie (Bahr & Caplow, 1969, p.33). Aangesien hy dikwels òf geskei òf ongetroud is (Brantner, 1959, p.3018), kan die afleiding gemaak word dat daar weinig persone is wat finansieel van hom afhanklik is. Sy verhouding met sy familielede is meerendeels swak (Lawlis, 1971, pp.218-219; Levinson, 1963, p.597). Die vermoede bestaan ook dat godsdiens nie 'n groot rol in sy lewe speel nie.

Aangesien die werkskuwe heel dikwels die skool in 'n vroeë stadium verlaat, miskien omdat hy nie oor voldoende *intellektuele vermoëns* beskik nie (Brantner, 1959, p.3018; Harris, 1961,

*Die feit dat die terme "werkskuwe" en "werkskuheid" ("work shy" en "workshyness") nie as indeksterme in oorsese (Engelstalige) indekse gebruik word nie, het die literatuursoektog bemoeilik.

Versoeke vir afdrukke moet gerig word aan G. van der M. Sieberhagen, Departemente Bedryf- en Personeelsielkunde, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Potchefstroom 2520.

p.147), beskik hy normaalweg nie oor enige naskoolse kwalifikasies nie. Indien hy wel by geleentheid werk, verdien hy ook nie 'n groot salaris nie.

Die *fisiese gesondheidstoestand* van die werkskuwe behoort na verwagting redelik goed te wees, anders sou hy nie normalerwys deel van die arbeidsmark kon wees nie en sou dit nie van hom verwag kon word om gereeld te werk nie (Brantner, 1959, pp.3018-3019).

Uit die voorafgaande literatuuroorsig blyk dit dat die werkskuwe aan vele gebreke mank gaan. Die doel met hierdie ondersoek was om empiries te bepaal of werkskuwes wél hierdie eienskappe openbaar.

## METODE

Ten einde te bepaal of die voorafgaande literatuurbeeld van die werkskuwe met die "werklikheid" in Suid-Afrika ooreenstem, is 'n ondersoek, as deel van 'n groter navorsingsprojek, na die biografiese eienskappe van 'n beskikbaarheidsteekproef van geïdentifiseerde blanke werkskuwes in twee rehabilitasiesentrums van die departement Gesondheidsdienste en Welsyn uitgevoer. Vir doeleindes van identifikasie is van die verslae van maatskaplike werkers binne en buite die betrokke rehabilitasiesentrums gebruik gemaak, aangesien hierdie werkers noue kontak met die betrokke persone gehad het, en op hoogte van hul werksgeskiedenis en werksgedrag was. Aanvanklik is 104 werkskuwes geïdentifiseer, maar weens 'n verskeidenheid van redes (weiering om deel te neem, drostery, uitplasing, leesprobleme en so meer) is 23 uitgeskakel. Van die 81 wat toetse afgelê en vraelyste ingevul het, is 15 wat nie die ingeboude "kontrole" van 'n biografiese vraelys geslaag het nie, uitgeskakel.

'n Hele reeks meetinstrumente is gebruik om inligting oor die werkskuwe te versamel (Sieberhagen, 1985, pp.167-266). Hier word slegs gerapporteer oor response op die biografiese vraelys waarin vrae met betrekking tot die voorafgaande eienskappe figureer.

Die werkskuwes se response is vergelyk met dié van 261 werkende blanke mans uit 'n aanvanklike monster van 801 wat op 'n sistematiese wyse rekenaarmatig uit die kieserslyste van die Wes-Kaap geselekteer is.

As samevattende nul-hipotese is gestel dat daar geen statisties-beduidende verskil bestaan tussen werkskuwes en normaalwerkendes wat betref eienskappe van intellektuele, affektiewe, konatiewe, sosiale en fisiese funksionering nie.

Ten einde die hipotese te toets, is die "normale" groep en die "werkskuwe" groep telkens met mekaar vergelyk ten opsigte van die aantal lede in elke groep op wie die bepaalde biografiese item van toepassing is. Die chi-kwadraattoets is gebruik om die statistiese beduidenheid van die frekwensieverskille te bepaal.

**TABEL 1**
**ITEMS UIT DIE BIOGRAFIESE VRAELYS WAT VERBAND HOU MET DIE VERWAGTE EIENSKAPPE VAN DIE WERKSKUWE, EN 'N AANDUIDING VAN DIÉ ITEMS OP GROND WAARVAN WERKSKUWES EN WERKENDE PERSONE BEDUIDEND VAN MEKAAR VERSKIL (CHI-KWADRAATTOETS)**

| BESKRYWING VAN ITEM EN 'N AANDUIDING VAN DIE RIGTING VAN VERSKILLE (INDIEN VAN TOEPASSING) | BEDUIDENDHEIDSPEIL $p<0{,}05$ | $p<0{,}01$ | $p<0{,}001$ |
|---|---|---|---|
| EIENSKAPPE VAN AFFEKTIEWE (EMOSIONELE) FUNKSIONERING | | | |
| – Byt van vingernaels as teken van senuweeagtigheid. | | | |
| – Rondvroetelry as teken van senuweeagtigheid. | | | |
| – Frekwensie van 'n gevoel van terneergedruktheid (werkskuwes meer dikwels) | | * | |
| – Geïrriteerdheid met dinge wat persoon hinder. | | | |
| – Senuweeagtig (werkskuwes meer) | | * | |
| – Frekwensie van gevoel dat alles te veel word (werkskuwes meer dikwels) | | | * |
| EIENSKAPPE VAN KONATIEWE (WILS) FUNKSIONERING | | | |
| Totale bedrag aan lewensversekering uitgeneem (werkskuwes minder) | | | * |
| Duidelikheid waarmee doelwitte vir die toekoms gestel word | | | |
| Mate waartoe persoon meen dat geluk ("luck") 'n rol in sy lewe speel (by werkskuwes meer) | * | | |
| Graagte waarmee verantwoordelikheid vir iets aanvaar word | | | |
| Siening van kompetering met ander persone | | | |
| Gemak waarmee onsekerheid verdra kan word (werkskuwes verdra dit minder) | * | | |
| Reaksie wanneer gekritiseer word (werkskuwes raak geweldig ontsteld) | | | * |
| Duidelikheid waarmee doelwitte vir die toekoms gestel word | | | |
| Mate waarin persoon presies weet wat hy volgende wil doen | | | |
| Mate van uitgewerktheid van beplanning ten opsigte van toekoms (werkskuwes s'n minder fyn uitgewerk) | * | | |
| Aanvaarbaarheid van soort werk wat persoon hoofsaaklik doen (bv. persoon en/of sy klere raak vuil in uitvoering van sy taak) | | | |
| Snelheid waarmee 'n moeilike besluit geneem word (werkskuwes neem gouer so 'n besluit) | * | | |
| Ontsteltenis geopenbaar wanneer persoon gedwarsboom word in die uitvoering van 'n taak. | | | |
| Ontsteltenis geopenbaar wanneer planne begin skeefloop (werkskuwes raak meer ontsteld) | * | | |
| Mate van presiesheid geopenbaar ten opsigte van dinge wat nog bereik wil word (werkskuwes is minder presies) | | * | |
| Gevoel ervaar dat werk benede persoon se waardigheid is (werkskuwes ervaar dit meer) | | | * |
| Definitiewe besluit geneem om 'n bepaalde beroep te volg | | | |
| EIENSKAPPE VAN SOSIALE FUNKSIONERING | | | |
| Gemaklikheid waarmee met ander persone oor die weg gekom word | | | |
| Huwelikstatus (werkskuwes minder getroud en eerder nooit getroud, geskei of vervreemd) | | * | |
| Gereeldheid waarmee Bybel gelees word (werkskuwes lees meer gereeld) | | | * |
| Geloof in God | | | |
| Gemak waarmee vriende gemaak word | | | |
| Stem uitbring by verkiesings (werkskuwes stem minder gereeld) | | | * |
| Aantal finansieel-afhanklikes (werkskuwes het minder) | | | * |
| Aantal werklike goeie vriende (werkskuwes het minder) | | | * |
| Verhouding met vrou (indien getroud) (werkskuwes s'n swakker) | | | * |
| Lidmaatskap van vrywilliger-organisasie | | | |
| Aktiewe deelname aan ten minste een sportsoort | | | |
| Algemene optrede teenoor ander mense ten opsigte van toenadering soek of nie | | | |

| BESKRYWING VAN ITEM EN 'N AANDUIDING VAN DIE RIGTING VAN VERSKILLE (INDIEN VAN TOEPASSING) | BEDUIDENDHEIDSPEIL p<0,05 | p<0,01 | p<0,001 |
|---|---|---|---|
| Verhouding met kinders (vir diegene wat wel kinders het) (werkskuwes s'n swakker) | * | | |
| Aktiewe beoefening van tenminste een soort stokperdjie (werkskuwes beoefen minder) | | * | |
| Godsdienstigheid (werkskuwes meer godsdienstig) | | * | |
| Gee van eie mening wanneer in ander persone se geselskap verkeer word (werkskuwes meer teruggetrokke) | | * | |
| Gemak waarmee vriende gemaak word | | | |
| Gemaklikheid waarmee opinie uitgespreek word | | | |
| Mate waarin Godsdiens 'n rol in die persoon se lewe speel | | | |
| EIENSKAPPE VAN INTELLEKTUELE FUNKSIONERING | | | |
| Bruto maandelikse verdienste (werkskuwes minder) | | | * |
| Hoogste skoolstanderd geslaag (werkskuwes laer) | | | * |
| Beskik wel oor naskoolse kwalifikasies (werkskuwes nie) | | | * |
| FISIESE GESONDHEIDSTOESTAND | | | |
| Algemene gesondheidstoestand (werkskuwes s'n swakker) | | * | |
| Persoon ly wel aan tenminste een chroniese siekte (meer werkskuwes ly aan tenminste een chroniese siekte) | | * | |

## RESULTATE

Die betrokke items uit die biografiese vraelys wat met die genoemde eienskappe van die werkskuwe verband hou, word in Tabel 1 aangetoon. Ter wille van ruimtebesparing word slegs die kerninhoud van elke item weergegee. Dié items op grond waarvan werkskuwes beduidend van werkendes verskil word met 'n asterisk (*) in die betrokke beduidenheidspeilkolom aangetoon. By elke sodanige item word die rigting van die verskil ook kortliks aangetoon.

Uit Tabel 1 blyk dit dat werkskuwes beduidend van werkende persone verskil met betrekking tot 27 van die 46 items (ses op die 5%-peil, nege op die 1%-peil en 12 op die 0,1%-peil). In die geval van affektiewe (emosionele) funksionering is dit interessant dat daar beduidende verskille is ten opsigte van items wat op 'n gevoelselement dui, maar geen beduidende verskille ten opsigte van die items is wat op waarneembare gedrag slaan nie.

Wat kenmerke van konatiewe (wils) funksionering betref is dit opmerklik dat daar nie beduidende verskille is wat betref die items wat met doelwitstelling verband hou nie. Dit is verder opmerklik dat daar wel 'n beduidende verskil is wat betref die items ten opsigte van 'n gevoel dat sekere soorte werk benede die persoon se waardigheid is. Daar is egter nie 'n beduidende verskil wat betref die aanvaarbaarheid van werk waar die persoon self (of sy klere) dalk vuil kan raak nie.

Wat die eienskappe van sosiale funksionering betref blyk dit dat werkskuwes meer gereeld Bybel lees en meer godsdienstig is. In 'n sekere sin is dit te verstane, want vir baie persone binne 'n rehabilitasiesentrum raak godsdiens 'n toevlug. Tog blyk dit dat daar nie 'n beduidende verskil tussen werkskuwes en werkende persone bestaan wat betref die mate waarin godsdiens 'n rol in hulle lewens speel nie. Die voorafgaande voorbeeld dui duidelik daarop dat response op enige item wat met 'n rehabilitasiesentrum as sodanig verband hou, baie versigtig geïnterpreteer behoort te word.

Wat intellektuele funksionering betref, verskil werkskuwes beduidend van werkende persone ten opsigte van veranderlikes (items) wat hierop slaan. Alhoewel hierdie veranderlikes slegs gebruik kan word om 'n afleiding omtrent die intellektuele vermoë van die werkskuwe te maak, word dit ondersteun deur die resultate van die Intermediêre Battery (NIPN) wat in dieselfde ondersoek gebruik is. In vergelyking met 'n normgroep van 205 manlike klerklike personeel (Engelssprekend) in diens van die S.A. Vervoerdienste met nege tot elf jaar skoolopleiding en met 'n gemiddelde ouderdom van 19,25 jaar (Wilcocks, 1973, p.21) het die werkskuwes beduidend swakker op al die subtoetse ($p \leq 0{,}0005$) gevaar, behalwe die subtoets Soek-die-Fout: Akkuraatheid ($p = 0{,}157$). Heelwat van die werkskuwes het aangedui dat hulle probleme ondervind het met die subtoetse Verstandelike helderheid, Rekenkundige probleme en Rekene, omdat hulle òf nooit sommige van die berekeninge aangeleer het nie, òf dit te lank gelede gebruik het. Met die ander subtoetse het hulle geen sodanige probleme ondervind nie.

Dit is verder interessant om te meld dat as deel van 'n groter ondersoek die werkskuwes ook die Patroonordeningstoets van die NIPN ('n toets vir abstrakte redeneervermoë) afgelê het. Die enigste normgroep waarmee hulle vergelyk kon word, was 'n groep kleurlingmans ($N = 143$) werksaam in sekondêre nywerhede in die Wes-Kaap, met 'n gemiddelde ouderdom van 25,25 jaar en 'n gemiddelde skoolopleiding van 7,4 jaar (Taylor, 1976). Dit het geblyk dat daar nie 'n beduidende verskil tussen werkskuwes en die normgroep was wat prestasie op hierdie toets betref nie ($t\ (207) = 0{,}328$, $p = 0{,}372$).

Dit wil verder voorkom asof werkskuwes se algemene gesondheidstoestand beduidend swakker as werkende persone s'n is en dat beduidend meer werkskuwes as werkende persone aan minstens een kroniese siekte ly.

## GEVOLGTREKKING

Uit die resultate van hierdie ondersoek kon heelwat van die nulhipoteses verwerp word. Dit wil sê dat werkskuwes en normaalwerkendes wel van mekaar verskil ten opsigte van die veranderlikes soos in Tabel 1 uiteengesit.

Uit die resultate van hierdie studie wil dit voorkom asof die werkskuwe aan heelwat emosionele, motiverings-, sosiale, intellektuele en fisiese gebreke mank gaan. Alhoewel sommige van die bevindings 'n verrassing is, is dit ook te verstane, in die lig van Neff (1971, p.190), se mening dat werkskuwes dalk nie die vereiste van die gemeenskap, naamlik, dat hulle 'n produktiewe rol behoort te speel, geïnternaliseer het nie. Dit beteken egter nie dat die hele persoonlikheid wanfunksioneer nie. Geen wonder dus dat Levinson (1963) die werkskuwe as 'n "psigologiese enigma" beskryf nie.

Die aanvanklike behoefte om werkskuwes op 'n vroeë stadium uit te ken, sou gedeeltelik aan voldoen kon word deur van die biografiese items van hierdie ondersoek gebruik te maak. Dit los egter nog nie die probleem van werkskuheid op nie. Tereg kan gevra word watter faktore moontlik tot die ontstaan van werkskuheid aanleiding gee. Indien meer lig op hierdie aspek gewerp kan word, sou voorkomende maatreëls oorweeg kon word ten einde te verhoed dat 'n persoon in die eerste plek werksku raak. In 'n volgende artikel word oor 'n ondersoek na die moontlike aanleidende oorsake van werkskuheid gerapporteer.

## VERWYSINGS

Bahr, H.M. & Caplow, T. (1969). Homelessness, affiliation, and occupational mobility. *Social Forces, 47*(1), 28-33.

Brantner, J.P. (1959). Homeless men: a psychological and medical survey. *Dissertation Abstracts, 19,* 3018-3019.

Brentlinger, W.H. (1936). The emotional stability of the transient. *Journal of Applied Psychology, 20,* 193-207.

Bresler, H.A. (1976). Persoonlike mededeling.

Cherry, N. (1976). Persistent job changing – is it a problem? *Journal of Occupational Psychology, 49,* 203-221.

Harris, D.B. (1961). Work and the adolescent transition to maturity. *Teachers College Record, 63,* 146-153.

Laufer, W.S. (1981). The vocational interests of homeless, unemployed men. *Journal of Vocational Behaviour, 18,* 196-201.

Lawlis, G.F. (1971). Motivational factors reflecting employment stability. *Journal of Social Psychology, 84,* 215-223.

Levinson, B.M. (1963). The homeless man: a psychological enigma. *Mental Hygiene, 47,* 590-601.

Monro, A.B. (1963). The social attitudes of neurotic and inadequate personalities. *British Journal of Psychiatry, 109*(463), 775-781.

Neff, W.S. (1968). *Work and human behaviour.* New York: Atherstone Press.

Neff, W.S. (1971). Work and human behaviour. *Humanitas, 7*(2), 177-191.

Rotter, J.B. (1966). Generalized expectancies for internal versus external control of reinforcements. *Psychological Monographs, 80*(1, Whole No. 609).

Shore, H.H. (1975). Absenteeism, Part 1: How to analyze causes and effects. *Supervisory Management, 20,* 9-16.

Sieberhagen, G. van der M. (1985). *Die werkskuwe in Suid-Afrika – 'n bedryfsielkundige studie.* Ongepubliseerde proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

Simmons, O.G. & Hughes, H.M. (1965). *Work and mental illness: eight case studies.* New York: Wiley.

Sinha, A.K.P. (1963). Manifest anxiety affecting industrial absenteeism. *Psychological Reports,* 1963, *13*(1), 258.

Taylor, L.J. (1968). Alienation, anomie and delinquency. *British Journal of Social and Clinical Psychology, 7*(2), 93-105.

Taylor, T.R. (1976). *Toetsafnemershandleiding vir Patroonordeningstoets.* Johannesburg: WNNR: Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing.

Wilcocks, A.M. (1973). *Intermediate Battery: test administrator's manual* (rev. ed.). Johannesburg: CSIR: National Institute for Personnel Research.

Young people without jobs – How real a problem (1977, May 9). *U.S. News and World Report, 83,* 94-96.

Zaleznik, A.; Ondrack, J. & Silver, A. (1970). Social class, occupation and mental illness. In A.A. McLean (Ed.), *Mental health and work organizations* (pp.116-142). Chicago: Rand McNally.